## Salomon Pienaar

**Subject:** FW: Agenda 6 Maart 2009 Nemai

**From:** Wilhelm Schack [mailto:wilhelm@ekowild.co.za]
**Sent:** 28 February 2009 12:31
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** Agenda 6 Maart 2009 Nemai

Beste Salomon,
Van die omgewingssake forum se kant af sal ek graag die volgende punte op die sakelys wou sien :

1. **Onafhanklike studie** om te bepaal hoe die onttrekking van water uit die Krokodil- en Mogolriviere bestaande verbruikers (plaaslik en internasionaal) **en** die omgewing gaan raak.
   a. *Besproeiingsondernemings* in die volle bedieningsgebied van die Krokodil-, Mogol- en Limpoporiviere.
      i. Langtermyn lewensvatbaarheid van landbou-ondernemings wat oor 'n 40 tot 50 jaar periode opgebou is.
      ii. Watter invloed sal verwagte watertekort in die landbousektor op die land se voedselsekuriteit hê ?

   b. *Ekotoerisme/wildboerdery/bewaringsondernemings* langs al bogenoemde riviere en hoe hulle beïnvloed gaan word.
1. **Kompensasie** aan huidige waterverbruikers vir verliese aan inkomste as gevolg van die verwagte watertekort in die toekoms.
2. **Rehabilitasie van die Krokodilrivier** as 'n moontlike manier om waterkwaliteit en –kwantiteit na die hele opvang- en afloopgebied te verbeter.
3. **Studieraamwerk (Terms of Reference)** vir die konsultant wat die omgewingsimpakstudie gaan hanteer.
   a. Watter insette gaan die lanbouforum hier hê ?
   b. Watter insette gaan omgewingsverwante organisasies hê ? (soos SANParke, deur wie se grondgebied pyplyne sal loop, en wie se park (Marakele) in die opvanggebied van die Krokodil- en Mogolriviere lê).
   c. Sluit die ToR huidiglik ook studies in wat die effek van aardverwarming op die omgewing in die gebied gaan uitlig, en op watter manier dit watervoorsiening aan die omgewing, asook aan die kragstasie(s) en ander verbruikers sal raak.
   d. Hoe gaan landbou en die omgewing se waterhuishouding in die studiegebied geraak word deur :
      i. Besoedeling van waterbronne, en die toenemende graad van besoedeling (weens konsentrasie) soos wat die riviere leeggepomp word vir die kragstasie(s).
      ii. Lugbesoedeling en suurreën as gevolg van die kragstasie(s).

5. **Bekommernis** : daar moet ernstig daarop gelet word dat watersake en omgewingssake van die landbouforum baie nou skakel met mekaar omdat die twee afdelings eintlik maar een is en nie onafhanklik kan bestaan nie. Ek vermoed die watermanne is meer bekommerd oor die kommersiële aspekte van water, as oor die omgewingsaspekte van water. Sonder 'n gesonde omgewing het hulle nie voldoende, goeie kwaliteit water vir hulle ondernemings nie.

Beste groete,
Wilhelm Schack

***Dr. Wilhelm Schack***

Wildlife Veterinarian / Ecologist
**Chairman Eco Group of Companies**
Tel: 014 777 1814 (Office)
Cell: 083 301 8119
Fax: 086 524 6698
Email: wilhelm@ekowild.co.za
Web: www.ekowild.co.za

-----Original Message-----